

Skoonklere vir 'n spesiale geleentheid

Teks: Openbaring 3: 1 - 6

Teksvers: Openbering 2: 4

1. Inleiding

Kleredrag is nie vandag in die Godsdienstige omgewing meer so belangrik nie. Ek bedoel, trek 'n Christen gelowige werklik anders aan, as 'n ongelowige vandag. Natuurlik is daar ekstreem geval van uitlokkende of Godslasterlike kleredrag, maar vir die hoofstroom kom ons almal maar klere uit die gewone kettingwinkels. Tog is predikers en gemeentelede meer formeel aangetrek na die samekoms van die gemeenskap van gelowiges. Maar hierdie formele uitrustings is steeds nie gekoppel aan 'n spesifieke kleurskema of ontwerp nie.

Maar dan natuurlik as dit by spesiale geleenthede of kulturele verbindings kom. Dan is kleredrag in alle fasette, skielik belangrik. Die kleur die styl ens, beteken dan iets. Ook in vandag se sterk individualistiese en status gedrewe gemeenskappe, is dit belangrik. Die handelsnaam van jou klere openbaar iets van jou ekonomiese status en lojaliteit aan 'n bepaalde verskaffer. Dus is daar vandag steeds maar inherent 'n boodskap in ons kleredrag, of ons dit nou wil erken of nie.

Dit bring ons dan by die gedagte van "wit klere" in die briefboodskap aan Sardis. 'n Voorwerp wat genoem word in ons teksvers en ook die opvolgende vers. Wit klere wat die die ware kerk binne in die kerk van Sardis identifiseer. Die getroue gelowiges word aan ons bekend gestel in hierdie wit klere. Natuurlik in lyn met die boek Openbaring se sterk gebruik van beelde en simbole. Is hier 'n sterk boodskap.

Want alhoewel daar 'n konneksie met die tekstielbedryf destyds in Sardis mag wees, is hier verseker 'n groter boodskap wat aan ons oorgedra word. Kom ons

luister na die Een wat die Sewe Geeste van God en die Sewe sterre het. Kom ons luister na ons Here Jesus Christus.

2. Wit klere

Maar wat beteken wit klere dan? Om werklik die rede agter wit te verstaan, is dit handig om na die woord in die grondteks te gaan kyk. Die woord leukos in die Grieks het 'n sterk verbintenis met lux in die Latyns. En ons weet lux in die latyns word gebruik om na lig te verwys. Die sterk verband tussen wit en lig kan dus nie ontken word nie. Ons weet ook vandag, sonder om in diepte in fisika in te gaan, da lig deur ons sintuie opgeneem word as wit, gebeur wanneer geen van die kleur golflengtes geblokeer word nie.

Dus is wit lig eintlik 'n oorstimulasie van die sintuie. Daarom praat ons ook van 'n verblindende wit lig. Dit is presies ook waar die Woord by wit klere uitkom. Ons sien dit ook in ander gedeeltes van die Nuwe Testament. Byvoorbeeld by die verheerliking op die berg, in Markus 9 en parallelle gedeeltes, word Jesus se klere ook wit. Die teks leer ons Sy klere was so blink soos wat niemand nog ooit gesien het nie, baie wit soos sneeu. Ook wanneer Maria Magdalena Jesus se liggaam gaan soek, word sy begroet deur twee mans in wit klere by die graf.

Duidelik wanneer daar in aanraking met die hemelse bonatuurlike gekom word, sien ons hierdie wit klere. Daarom was wit klere ook dikwels priesterlike klere in die Ou Testament. Wit het nog altyd reinheid gesimboliseer. Dink maar selfs aan die moderne trourok.

Maar dit is van vroegste tye af, die mens se probleem. Om in die teenwoordigheid van die Here te kan bestaan, moet ons heeltemal rein en heilige wees. Dit is

presies wat Christus vir ons kom doen het. Met Sy sterwe aan die kruis en opstandig uit die dood, het Christus ons kom red uit ons vuil klere. Ons klere was besoedel met sonde, maar in Christus kry ons nuwe klere. Wit klere wat ons reinheid en heiligheid sonder sonde simboliseer. Klere waarmee ons na die Vader mag nader. Dit is hierdie verlossings-klere wat die getroue gemeentelede van Sardis dra.

3. Wat maklik kan vuil word

Soos ons nou reeds gesê het, gee Christus aan ons verlossings-klere, wanneer ons verlos word uit ons sonde. In die Nuwe Testamentiese kerk het almal dis hierdie wit klere na hulle verlossing in die Here. Dit is waarna vers 3 in teksgedeelte ook verwys. Ongelukkig bly hierdie klere nie so wit en skoon nie.

Die beeld wat hierin gebruik word is vir ons almal prakties baie bekend. In ons alledaagse lewe wil 'n mens gewoonlik eerder van wit klere af wegbly. Want in ons handel en wandel word dit so maklik vuil. Dit word makliker as donker kleure gevlek, en kan dan net met groot moeite weer wit word. Maar dit is juis hierin wat die beeld in ons teksgedeelte lê.

Want wanneer lig aan die heiligheid of hemelse teenwoordigheid van God gekoppel word, word duister aan die bose en die Satan gekoppel. Ons weet dat die bose voortdurend die lig wil probeer uitdoof. Dieselfde geld vir wit en ander klere. Wanneer ons sonde doen besmeer ons, ons verlossings-klere met die vuilheid van die sonde.

Ook wanneer my geloof begin vermeng word met bose oortuigings. Dan eis die bose dat ek hierdie wit verlossings klere van my begin aanpas. Dit moet dan 'n nuwe kleur en styl kry wat bietjie meer in lyn is met die bose. Wat iets meer van die bose openbaar. Duidelik kan ons wit verlossings klere ook besoedel word vandag.

Maar daar is die groepie mense selfs in die gemeente van Sardis, wat se klere nog wit is volgens ons teksvers. Deur die genade van die Heilige Gees hou die Here ook 'n groepie uitverkore mense vas. Hy bewaar hulle teen die besoedeling van hulle wit klere. Maar is ons nog sensitief vir die stem van die Heilige Gees waardeur dit gedoen word.

4. Volmaakte wit klere wat nie vuil word nie

Die laaste punt uit ons teksvers is die toekomstige wit klere waarmee die Here ons sal klee tydens die wederkoms. Duidelik is enige wit klere wat ons al hier op aarde gesien en gedra het, nie die hemelse klere waarna ons ook verwys het in die teksverwysings nie. Ons ken nie verblindende lig wit klere nie. Tog is dit presies wat Christus belowe aan die die mense wat volhard en nie hulle klere besoedel in hierdie wêreld nie.

Uiteindelik sluit ons teksgedeelte ook af met die 'n boodskap wat so duidelik herkenbaar is uit Jesus se aardse bediening. In Lukas 12:8 en 9: “Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook openlik uitspreek voor die engele van God. ⁹Maar hy wat My voor die mense verloën, sal voor die engele van God verloën word.” Ons hoor as 'n ware die ego hiervan in vers 5 van ons teksgedeelte: “en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.”

Hierin lê natuurlik die ander koppeling aan die beeld van klere. Ons weet 'n mens is soms skaam om klere te dra wat outyds lyk, of nie vir jou baie mooi is nie. Wat nog te sê van klere wat jou lojaliteit koppel aan iets waarvan jy nie hou nie. Dit is presies ook die boodskap in verband met ons verlossings-klere hier op aarde. Wanneer ons, ons verlossings-klere met trots dra hier op aarde, sal ons naam nie uit die boek van die lewe gehaal word nie.

Christus sal ons voor die Vader en engele

verklaar as sy eiendom. En dan sal ons die hemelse wit klere ontvang. Wit klere wat nie weer deur die sonde en boosheid besoedel sal kan word nie.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met die gedagte dat reg van die begin af, is dit die Here wat klere aan die mens verskaf. Op 'n baie letterlike manier, gee die Here aan die mens en sy vrou in Genesis 3:20 velklere om hulle skaamte te bedek nadat hulle gesondig het. Ook in die bekende Matteus 6: 28 belowe die Here om ons selfs beter te klee as die veldlelies.

Tog is die velklere en veldlelies nog ver verwyder van die verheerlikte klere in die Nuwe Testament. Dit is nog ver verwyder van wit klere in ons teksgedeelte. Ons besoedel nog daaglik so maklik die klere waarmee die Here ons seën. En hierdie is baie waar op 'n geestelike vlak. Ons werke is soos in vers 2 dikwels nie goed genoeg voor die oë van die Here nie. Want dit is besoedel met selfsug en ander sondes.

Maar juis daarom is hierdie skerp booskap ook vanoggend aan ons nodig. Ons weet ook uit ander gedeeltes dat, soos in vers 3 die wederkoms soos 'n dief in die nag kom. Dit gaan skielik gebeur, en soos met 'n dief gaan daar nie tyd wees om eers die regte klere aan te trek vir die ontmoeting nie. Ons moet elke dag reeds met die regte klere aan leef. Die verlossings-klere wat ons Here Jesus Christus vir ons verwerf het aan die kruis. En ons moet moeite doen om hierdie klere skoon van die besoedeling van die sonde te hou.

Want uiteindelik is dit ons skoonklere vir 'n spesiale geleentheid. Die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Amen.